Na ontblaring moet die boompie aan sonlig blootgestel word. Veral by die groot hardeblaar spesies (F.salicifolia, F.ingens en F.abutifolia) word die water snoep toegedien en ontvang die plant die absolute minimum. Die proses word volgehou totdat die nuwe groei verhard het. Die jong blare van byvoorbeeld F.ingens moet eers verkleur van bronsrooi na groen. Hierna kan water weer normaal toegedien word. Reënbuie kan die boompie maklik te veel benat en die weer moet fyn dopgehou word. word.

3. BLAARSNOEI

Hierdie tegniek verskil van die algehele ontblaring in die opsig dat die blare nie verwyder nie maar dat die bestaande blaaroppervlakte verminder word.

Die beste resultate word verkry waar die minimum toelaatbare blaaroppervlak aan die boom toegelaat word. Twee derdes van 'n blaar kan sonder enige nadelige gevolge verwyder word. Die voordeel van hierdie metode is dat die nuwe blaartjies in verhouding tot die bestaande blare aansienlik sal verklein.

Watertoediening moet beperk word aangesien oormatige watertoediening weer aanleiding sal gee tot groot nuwe blare.

STAM- EN TAKVERDIKKING

ADRIAAN ENGELBRECHT

John Naka ken in die Informeel Regop styl soveel as 35% van die gewig toe aan die stam van 'n bonsai. Hieruit kan afgelei word dat die stam van 'n bonsai 'n groot rol speel om 'n indruk van karakter en ouderdom te skep.

Meestal word 'n dikker stam by jong materiaal begeer. Met verloop van tyd sal die stam geleidelik verdik indien die grondmengsel, wortels en bemesting in orde is. Dit verg egter geduld. Daar bestaan gelukkig tegnieke om die natuur bietjie te help en die proses te versnel.

NATUURLIKE GROEITEGNIEKE

Die volgende tegnieke kan gebruik word om sterker groei te bewerkstellig. Tesame met die sterker groei sal die stam ook vinniger verdik.

1. 'n Gat word in die grond gemaak en 'n leiklip of plaat word onder in die gat geplaas. Die boom word dan geplant en die gat word gevul met 'n sand en komposmengsel. Die klip of plaat sal verhoed dat die wortels te diep in die grond weggroei. Die boom word toegelaat om wild te groei vir 'n jaar of twee. Indien die vorm behou wil word, kan dit van tyd tot tyd liggies gesnoei word. Die stam behoort tesame met die sterk groei vinnig te verdik.

2. Die boom kan in 'n groot pot of houer geplant word en toegelaat word om wild te groei. Die voordeel van hierdie metode is dat die wortels nie moontlik kan weggroei soos in die vorige tegniek nie. Groei is egter tog ietwat stadiger in die grond.

In beide geval van tegniek 1 of 2, kan die groei verder versnel word deur gereeld te bemes. Bestaande wateroplosbare kunsmismengsels byvoorbeeld 3:1:5 kan gebruik word as grondbenatter. Gereelde besproeing van die blare met blaarvoeding kan stof